# Die regering van die Kerk – 1Tim 3:6-7

**Paulus se vereiste vir die ouderling-amp en die merktekens daarby (d).**

**Oktober 2014**

*Ps-vooraf* Ps 13: 1, 3, 5

## Ontmoetingsdiens.

***Votum.***

**“Ons slaan ons oë op na die berge: waar sal ons hulp vandaan kom? Ons hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.”**

**Amen**

***Seëngroet***

**Gemeente van ons Here Jesus:**

**“Genade vir julle en vrede van God, onse Vader,**
**en die Here Jesus Christus**
**deur die kragvolle werking van die Heilige Gees”**

**Amen.**

***Lofprysing*** – Ps 124: 1, 2

***Geloofsbelydenis***

## Verootmoediging en Versoeningsdiens.

Ons gaan nou luister na die wet van die HERE soos ons dit vind in Eks 20.

***Psalm na die wet*** – Ps 79: 5, 6, 7, 8, 9

***Gebed om skuldbelydenis en verligting.***

***Psalm na gebed*** – Ps 35: 1, 4, 12

# Woorddiens.

*Opmerking*

Verwys na art **30-31 NGB** en die belangrikheid

dat ons almal meer moet leer oor die ouderling-amp.

***Die Woord van die HERE spreek tot ons uit*** Eseg 28:1-19; 1Tim 3:1-7

***Psalm as antwoord op die Woord*** – Ps 74: 15, 16

***Ons Fokus op*** 1Tim 3:6-7

***Skrifverklaring***

## Inleiding

Geliefdes in ***vers 6-7*** is ons by die laaste twee merktekens[1]

wat 'n ouderling moet hê.

En dit gaan ook ons tema wees.

**Die laaste twee merktekns**

**waaraan ons 'n ouderling uitken.**

oo0oo

***Terugblik***

Ja daar'sie groot vereiste van ***onberispelikheid***.

Paulus praat daaroor in ***vers 2***.

*Verduidelik*[2]

En wat's onberispelik nou weer?

Wel dis as 'n ouderling se *lewe*

en dit wat hy *leer* en *onderrig* vanuit die Woord

dieselfde ding sê.

1 Met δει ουν (**vers 2**) het Paulus ogv die feit dat die ouderling-amp 'n goeie werk is 'n vereiste gegee waaraan ouderlinge moet voldoen – ανεπιληπτον. In die res van **vers 2-6** gee Paulus dan verdere beskrywings van ανεπιληπτον. Met δε by δει δε hier in **vers 7** voeg Paulus nou nog 'n vereiste by (Greek grammer beyond basics bl 671; Knight se 1Tim komm bl 164; Lane se 1Tim komm bl 39). My vraag is: Is daar enige verband tussen **vers 2** se vereiste van ανεπιληπτον en die vereiste wat Paulus hier in **vers 7** gee van δει δε αυτον και μαρτυριαν καλην εχειν απο των εξωθεν? Ek meen daar is. Dit sien ek veral in die doel/gevolg van δει δε αυτον και μαρτυριαν καλην εχειν απο των εξωθεν. Hierdie doel/gevolg kry ek in **7b** wat sê: ινα μη εις ονειδισμον εμπεση ... Dis veral die woord ονειδισμον wat hier belangrik is. Die betekenis van ονειδισμον is 'belediging'/ 'verwyt'/ 'aanklagte'/ 'skande'. Wanneer ek in hierdie dinge verval het, is ek nie meer ανεπιληπτον (**vers 2**) nie. Immers, ανεπιληπτον beteken dat daar niks teen my ingebring kan word nie (vgl eksegese by **vers 2**) (vgl Knight se 1Tim komm bl 165). ***Dus:*** ek het hier in **vers 7** met nog 'n manifestasie van ανεπιληπτον te doen. Hierdie keer gaan dit daaroor om ανεπιληπτον te wees ook tov wat die buite die kerk oor 'n ouderling sê (vgl Macarthur se 1Tim komm bl 119; Knight se 1Tim komm bl 165).

2 Vgl Vgl 1Timoteus 3,2.pdf by http://www.gkdaspoort.co.za/sermons_docs.php.

En so moet 'n ouderling wees. Onberispelik.

Hy moet leer-en-leiding gee vanuit die Woord.
Dis 'n ouderling se belangrikste werk.[3]
Maar dan moet sy lewe 'n praktiese voorbeeld wees
van wat hy preek. Dis onberispelik.

Maar dan gee ***vers 2-7*** ook ***merktekens***
wat ons wys hoe *onberispelik* prakties lyk.
En diie ouens wat die merktekens van ***vers 2-7*** het
moet ouderlinge moet wees.

oo0oo

En nou kon ons al meer leer oor ***vers 2-3*** se merktekens
wat sê dat 'n ouderling moet wees:[4]
*"die man van een vrou, nugter, ingetoë,*
*fatsoenlik, gasvry, bekwaam om te onderrig;*
*geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie,*
*maar vriendelik; geen strydlustige, geen geldgierige nie."*

Laas week kon ons leer oor ***vers 4*** se merkteken
wat sê dat 'n ouderling 'n man moet wees
*"wat sy eie huis goed regeer*
*en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou."*

Ons kon ook leer vanuit ***vers 5*** dat hierdie merkteken
van 'n ouderling se gesinslewe baie belangrik is.
En hoekom?

*Verduidelik*[5]
Wel omdat ***vers 5*** wys
dat daar tussen kerkregering en huisgesin-regering 'n ooreenkoms is.

---

3 Vgl Cark se 1Tim komm bl 58
4 Vgl Vgl 1Timoteus 3,2.pdf enTimoteus 3,2-3.pdf by http://www.gkdaspoort.co.za/sermons_docs.php.
5 Vgl Vgl 1Timoteus 3,4-5.pdf by http://www.gkdaspoort.co.za/sermons_docs.php.

Hoekom? Wel omdat ***vers 5*** leer
dat die Kerk God se gesin is.

En die Kerk as gesin van God
bestaan uit God se gelowige kinders *met* hulle gesinne.
En die lewe in God se kinders se gesinne
soos God dit in sy Woord voorskryf
moet ook'ie lewe wees in die Kerk as gesin van God

Daarom die ooreenkoms
tussen Kerkregering en huisgesin-regering.

oo0oo

***Terug by vandag***

Maar dit bring ons by ***vers 6-7*** waar Paulus sê
dat 'n ouderling *"geen nuweling (moet wees) nie,*
*sodat hy nie verwaand word*
*en in dieselfde oordeel as die duiwel val nie.*

*En hy moet ook goeie getuienis hê van die buitestaanders,*
*sodat hy nie in veragting*
*en in die strik van die duiwel val nie."*

En *dit* is:

**Die laaste twee merktekens**
**waaraan ons 'n ouderling uitken**

En dan gaan ons stilstaan by:

- ***Vers 6*** se merkteken wat sê
  dat 'n ouderling *"geen nuweling moet wees nie."*
- En by ***vers 7*** se merkteken wat sê
  dat 'n ouderling *"ook goeie getuienis van die buitestaanders moet hê."*

*Verduidelik*
En elke keer gaan ons meer leer oor'ie

- betekenis
- die belangrikheid
- en die dringendheid

van ***vers 6*** en ***vers 7*** se merktekens.

oo0oo

**1.** So kom ons begin by ***vers 6* se merkteken**.

**A.** En ons kyk eerste na **die betekenis** daarvan.

In ***vers 6*** sê Paulus

dat 'n ouderling *“nie ‘n nuweling moet wees nie ...”*

*Verduidelik*[6]

En dan'sie Griekse Woord wat ons vertaal met nuweling

'n woord wat praat van 'n nuwe plantjie.

Of 'n plantjie wat nou net geplant is of opgekom het.

En in ***vers 6*** gaan *nuweling* dan oor 'n broeder

wat nou-net kort tevore

deur die werk van'ie Heilige Gees begin glo het en bekeer het

en vir Jesus aan geneem het.

So iemand moenie 'n ouderling wees nie.

Ja iemand wat die merkteken dra van 'n nuwe gelowige

moenie 'n ouderling wees nie.

Dis wat Paulus in ***vers 6*** leer.

*Voorbeelde*

**I**[7] So iemand wat verlede jaar tot bekering gekom het

en toe belydenis van geloof gedoen het

kan nie nou 'n ouderling wees'ie.

Want hy's nog 'n nuweling.

---

6 νεόφυτος het die betekenis van 'iets wat nuut geplant is'. Die konteks bring my dan by 'n betekenis van 'iemand wat nog nie lank 'n gelowige is nie' of: 'iemand wat net te vore tot bekering en geloof gekom het' (NIDNTT vol 2 bl 674; Baljon bl 638; Knight se 1Tim komm bl 163).

7 Vgl Ryken se 1Tim komm bl 118; Ridderbos se 1Tim komm bl 94; Knight se 1Tim komm bl 166

**II** Maar beteken'it ons kan maar ***enige*** ou-oom kies
om 'n ouderling te wees?

Wel   nie as daardie oom nog 'n nuweling is nie.
En dit kan wees    dat jy al lank in die Kerk is
maar nog steeds 'n nuweling is.

Dis hoe die mense was in die Hebreër-kerk.

Vir hulle moes die Hebreër-skrywe in Heb 5:12-13 sê:
*“hoewel julle **vanweë die tyd** leraars behoort te wees,*
*het julle weer nodig*
*dat ‘n mens julle die **eerste beginsels***
*van die woorde van God moet leer,*
*en julle het weer behoefte aan melk en nie aan vaste spys nie.*

*Want elkeen wat melk gebruik, is onervare in die woord ...*
***omdat hy ‘n kind** (in die geloof) **is**.”*
Of 'n nuweling in die geloof.

*Verduidelik*[8]
So   sien u wat hier aangaan?
In'ie Hebreër-kerk was mense al lank in die Kerk
maar hulle het nie gegroei in'ie geloof nie.
Hulle het kinders gebly    nuwelinge in die geloof.

En iemand wat so is    kan nie 'n ouderling wees nie
al is hy al lank in'ie Kerk.

So   as 'n ou-oom
- nie groei in die kennis van die Woord nie
- nie groei in die kennis van wie God is
- en wat God doen    en hoe God ons verlos

8 Vgl Reformation study Bible bl 1783

- en wat God se wil is nie
- en hoe God ons bewaar
- en hoe die heerlikheid is
  waarby God ons uiteindelik uitbring.

Ja as daardie ou-oom nie waarlik besig is
met 'n lewe van dissipelskap nie
omdat hy nie regtig veel daarvan weet nie

dan's hy kind in die geloof 'n nuweling
wat nie 'n ouderling moet wees nie.

oo0oo

*Toepassing*

Dis wat Paulus in ***vers 6*** leer.

Ja die manne wat ons kies om ouderlinge te wees
moet manne wees
wat deur die Heilige Gees waarlik tot bekering gebring is.
En dan moet hulle nie 'n nuweling wees nie.

Nee voordat ons iemand kies om ouderling te wees
moet ons hom lank genoeg ken om te kan sien
dat daar by hom geloofsgroei is.[9]

*Voorbeelde*

- Groei in sy kennis van die Woord.
- Groei in sy kennis van God.
- Groei in sy verhouding met God.
- Groei in sy lewe van dissipel-van-Jesus-wees.
- Groei in sonde-besef en eie-swakheid.
- Groei in sy gebedslewe.
- Groei in sy stryd teen die sonde.

9 Vgl Ridderbos se 1Tim komm bl 94; Knight se 1Tim komm bl 166

*Selfondersoek*

So broeders hoe lyk'it?

Groei ons of is ons nuwelinge?

En susters groei julle

sodat julle jul mans kan help om te groei in die geloof?

Of is julle nuwelinge?

En hoe maak ons ons kinders groot?

Leer ons hulle dat daar groei moet wees?

Ja groei ons as Kerk in'ie geloof?

Want onthou: Ouderlinge kom uit ons.

En hulle mag nie nuwelinge wees nie.

Daarom ons ook nie. Sê Paulus in ***vers 6***.

**B.** En dis so **belangrik**.

Want kyk wat sê Paulus verder aan in ***vers 6***. Hy sê:

'n ouderling *"moet nie 'n nuweling wees nie,*

***sodat hy nie verwaand word*** *... nie."*

*Opmerking*

En nou's ons by **die belangrikheid**

van ***vers 6*** se merkteken.

Ja 'n ouderling *"moet nie 'n nuweling wees nie,*

***sodat hy nie verwaand word*** *... nie."*

*Verduidelik*

En jy's verwaand as jy hoogmoedig is.[10]

En om so hoogmoedig te wees

is om iets te wees

10 τυφωθεις = aor part pas van τυφόω, met die betekenis van 'benewel gemaak is'/ 'opgeblase word'/ 'trots is'/ 'verwaand wees' (Baljon bl 1001).

wat God ons nie voor geskep het nie.

Hoogmoedig is om besig te wees met die sonde van Gen 3:5
waarin Satan vir Adam en Eva in verlei het.
Die sonde van om-soos-God-te-wil-wees.[11]

oo0oo

Dit terwyl God ons geskep het om konings te wees
wat God dien en mekaar in selfopofferende liefde dien.[12]

Dis ook vir hierdie doel dat Jesus ons verlos het.
Jesus het ons verlos om sy dissipels te wees
en om God weer te dien
en mekaar te dien in selfopofferende liefde.
Soos Jesus.

*Opmerking*
Hy's die verhewe Seun van God. Hy is'ie almagtige Koning is.

Dis Hy so sê Hy in Mark 10:45 wat *"nie gekom het om gedien te word nie,* ***maar om te dien*** *..."*

En *dit* het net mooi niks te doen met hoogmoed nie.

oo0oo

Maar weet u: *dit* hierdie hoogmoed
is net absoluut deel van ons ou-totaal-verdorwe-natuur.

*Bewys*
In Mark 7:22 leer Jesus
dat hierdie hoogmoed uit ons totaal-verdorwe-harte borrel.

En nou kom verlos Jesus ons.
Hy bevry ons in sy bloed

11 Vgl NIDOTTE vol 4 bl 226; Waltke, An OT theology bl 262
12 Gen 1:28; 2:15

van hierdie ou-totaal-verdorwe-mens-wees.[13]

Maar juis daarom woed daar 'n stryd in elke kind van God.
Dis 'n stryd wat voortwoed tot die dag
dat die Koninkryk en die ewige lewe finaal vir ons sal aanbreek.[14]

En hierdie stryd is'ie stryd tussen my nuwe-vry-verloste-ek
en my ou-verdorwe-mens-wees.

*Bewys*
Paulus vertel daarvan in Rom 7:22-23 as hy sê:
*"ek verlustig my in die wet van God na (my nuwe-mens-wees[15]);*
*maar ek sien 'n ander (lewens-beginsel[16]) in my lede*
*wat stryd voer teen (my-nuwe-mens-wees) ..."*

Die wonder is dat Jesus uiteindelik
die finale oorwinning sal bring.

Maar in hierdie stryd verloor ons so baie maal gevegte.
So baie maal val ons in sonde.
So baie maal moet ons soos Paulus in Rom 7:24 dit uit kerm:
*"Ek, ellendige mens!*
*Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?"*

En dan'sit net so absoluut wonderlik
dat ons saam met hom in Rom 7:25 kan sê:
*"Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!"*

oo0oo

Maar intussen woed die stryd. Ook teen hoogmoed.
Omdat dit net so absoluut deel
van ons ou-sondige-mens-wees is.

---

13 DL 5:1
14 Sondag 16 v/a 42
15 Vgl Bybel met verklarende aantekeninge vol 3 bl 420
16 Vgl Bybel met verklarende aantekeninge vol 3 bl 420

En nog so baie maal kry dit die oorhand.

En nou gebeur dit veral
wanneer ons in leierskap-possisies is.[17]
Ja  dan peul hoogmoed aaklig uit.

*Bewys*[18]
Geen wonder nie
dat die profete bv in Jes 10 en Jes 14 en Jes 25 en Eseg 28
praat oor'ie

- hoogmoed van'ie koning van Asirië
- en'ie hoogmoed van die koning van Babel
- en'ie hoogmoed van die koning van Moab
- en'ie hoogmoed van die vors van Tirus.

Ja  hulle was almal manne in leierskap-posisies.
En toe  in daardie leierskap-posisies
peul hulle hoogmoed aller aaklig uit.

oo0oo

En nou kom Paulus in ***1Tim 3:6*** en hy sê:
'n ouderling *"moet nie 'n nuweling wees nie ..."*

En dis belangrik.
Daarom praat Paulus verder  en hy sê:
*"sodat hy nie hoogmoedig word ... nie."*

*Verduidelik*
Want dis ons groot krisis.
Dis 'n sonde waarin ons altyd wil terugval.

So?  Wel moet dit nie gaan staan en aan help
deur iemand  wat nuut in'ie geloof is

17 Vgl Ridderbos se 1Tim komm bl 94; Clark se 1Tim komm bl 57; Reformation study Bible bl 1755.
18 Jes 10:5-11; 14:4,13-14; 25:10-11; Eseg 28:2; vgl ook NIDOTTE vol 1 bl 787, 797

in 'n leierskap-posisie te sit nie.
Soos om hom 'n ouderling te maak nie.

Nee! Hy moet eers groei. As nuwe gelowiges
moet ons nog eers vorder in die leerskool van Jesus.

Vanuit God se Woord
moet ons luister na Jesus se dissipel-onderrig in Mark 9:35
waar Jesus sê:[19]
*"As iemand die eerste wil wees,*
*moet hy die laaste van almal en almal se dienaar wees."*

Ja ons moet luister na Jesus se dissipel-onderrig in Mark 10:43-45
waar Jesus sê:
*"elkeen wat onder julle groot wil word,*
*moet julle dienaar wees.*
*En elkeen wat onder julle die eerste wil word,*
*moet almal se dienskneg wees.*
*Want (Ek) het ook nie gekom om gedien te word nie,*
*maar om te dien ..."*

En by Jesus moet ons in hierdie dissipel-onderrig groei.
By Jesus moet ons bid:
'Here, maak hierdie leer van u al meer deur U Gees
'n werklikheid in my lewe.'

oo0oo

En dan? Wel later van tyd begin nuwelinge manne word
wat ouderlinge kan wees.
Manne wat in nederigheid ons eie swakheid en sondigheid
van oomblik tot oomblik besef.
Ja besef hoe maklik ons hoogmoedig word.

19 Vgl Macarthur se Mark komm bl 118.

*Oorgang*

So sien die lering hier in ***1Tim 3:6***?

'n Ouderling moenie 'n nuweling wees nie.

En dis **belangrik**. Daarom dat Paulus in ***vers 6*** sê:

'n ouderling *“moet nie ‘n nuweling wees nie,*

*sodat hy nie* ***hoogmoedig*** *word ... nie.”*

Maar dis nie net belangrik nie. Dis ook baie **dringend**

dat ons hierdie 'leer' van ***vers 6*** gelowig-gehoorsaam aanneem.

**C.** En nou's ons by **die dringendheid** van ***vers 6*** se merkteken.

Want hoor wat sê Paulus in ***vers 6***. Hy sê:

'n ouderling *“moet nie ‘n nuweling wees nie,*

*sodat hy nie hoogmoedig word*

***en in dieselfde oordeel as die duiwel val nie****.”*

So sien u hoe ontsettend **dringend** is'it

dat ons gelowig-gehoorsaam aan'ie merkteken van ***vers 6*** moet wees.

Dis dringend. Want as ons 'n nuweling in die geloof kies

om ouderling te wees kan hy hoogmoedig word

en die gevolg[20] daarvan

is dat hy *“in dieselfde oordeel as die duiwel val.”*

*Verduidelik*[21]

Of dat die selfde oordeel

---

20 τυφωθεις = aor part pas van τυφόω, met die betekenis van 'benewel gemaak is'/ 'opgeblase word'/ 'trots is'/ 'verwaand wees' (Baljon bl 1001). Ek meen dat die aor part hier redegewend of oorsaak aanduidend is. Waarom? Wel, die aor part is baie maal redegewend. En verder: Die redegewende aor part gaan die hoof-ww vooraf. In hierdie geval is dit so (Greek grammer beyond basics bl 631) – vgl **Spr 16:18** (Macartur se 1Tim komm bl 118). ***Dus:*** 'omdat *hy* beneweld geraak het/ trots geword het/ oogmoedig geword het' gebeur εις κριμα εμπεση του διαβολου.

21 Vraag is nou: hoe moet ek die gen κριμα … του διαβολου verstaan? Is dit 'n subj-gen? - die regsuitspraak of vonnis deur Satan uitgespreek (Greek grammer beyond basics bl 113). Of is dit 'n obj-gen? - die regsuitspraak of vonnis wat Satan ontvang het (Greek grammer beyond basics bl 116-117). Ek meen nie dat ek hier met 'n suj-gen te doen het nie. Die την κρισιν πασαν is immers aan Jesus oorgegee deur die Vader (**Joh 5:22, 28-29**). Vgl ook **2Tim 4:1,8; Hand 10:42; 17:31** waar Jesus die regter genoem word wat gaan oordeel; **Heb 12:23** waar God die Regter genoem word (NIDNTT vol 2 bl 365-366). Uit bg blyk dit dus dat ek in κριμα … του διαβολου met 'n obj-gen te doen het: die regsuitspraak of vonnis wat Satan ontvang het (vgl Knight se 1Tim komm bl 164).

wat oor die duiwel gekom het ook oor hom kom.

*Openbaringshistories*[22]

Want die duiwel was ook hoogmoedig.    Dis was sy eerste sonde.
Die HERE vertel daarvan in ***Eseg 28:11-19***.

In ***Eseg 28:1-10*** vertel die HERE van die ***Vors*** van Tirus.
Sy sonde was dat hoogmoedig geword het
en gesê het:    *"Ek is 'n god ..."*    Sê ***Eseg 28:2***.

Maar dan in ***vers 11-19*** vertel die HERE van die ***Koning*** van Tirus.
Hy is die een
wat in en agter die ***vors*** van Tirus aan die werk is.

- ***Eseg 28:13*** vertel
  dat hy in die tuin van Eden was.

- ***Vers 14*** sê hy was 'n gerub
  wat 'n soort engel van die HERE is.

- Maar dan sê ***vers 15***
  dat daar ongeregtigheid in hom gevind is.

- In ***vers 17*** sê die HERE:
  *"**Hoogmoedig** het jou hart geword oor jou skoonheid ..."*

En    hierdie gerub    hierdie engel
is niemand anders as die duiwel nie.
Dis'ie duiwel met sy sonde van hoogmoed
wat hierdie selfde sonde in konings en leiers opwek.

oo0oo

Ja    dis'ie sonde van die duiwel.    Sy hoogmoed.
En sy oordeel?

22 Vgl Waltke, An OT theology, bl 274; Macarthur se 1Tim komm bl 118

*Verduidelik*

Wel in Mat 25:41 vertel Jesus
van 'n *"ewige vuur wat berei is vir die duiwel ..."*

En in Openb 20:10 vertel
dat die duiwel *"in die poel van vuur en swawel gewerp is waar (hy) ... dag en nag gepynig sal word tot in alle ewigheid."*

*Toepassing*

So sien u hoe **dringend** is'it
dat ons gelowig-gehoorsaam
aan die merkteken van ***1Tim 3:6*** moet wees.

Dis dringend. Want as ons 'n nuweling in die geloof kies
om 'n ouderling te wees kan hy hoogmoedig word.
En die gevolg daarvan
is dat hy *"in dieselfde oordeel as die duiwel val."*

En watter verskriklike oordeel het God nie net
oor'ie duiwel uitgespreek nie!

oo0oo

Nou hiermee sê Paulus beslis nie
dat 'n plaaslike Kerk dit kan regkry
om 'n ware kind van God
wat net kort te vore tot bekering gekom het
in die hel kan laat beland
deur hom as ouderling te verkies nie.

Nee!

*Verduidelik*[23]

Nee Jesus sê in Joh 10:28

23 DL 5:3

dat Hy aan God se ware kinders *"die ewige lewe gee,*
*en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie,*
*en niemand sal hulle uit my hand ruk nie."*

En in Joh 10:29 praat Jesus verder en dan sê Hy:
*"My vader wat hulle aan My gegee het (in die uitverkiesing),*
*is groter as almal;*
*en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie."*

So nee! 'n Plaaslike Kerk kan nie God se kinders verlore laat gaan nie.
God en Christus is magtiger as enige plaaslike Kerk.
Dank God daarvoor!!!

Maar wat beteken'it dan as Paulus in ***1Tim 3:6*** sê
dat 'n nuweling in die geloof wat 'n ouderling gemaak is
hoogmoedig kan word
en dan *"in dieselfde oordeel as die duiwel (kan) val."?*

*Verduidelik*[24]
Wel dit praat baie baie ernstig met ons.
Dit wys ons hoe onsensitief en ongeestelik en liefdeloos ons is
om iemand wat nog nuweling in die geloof is
te kies as ouderling.
As ons so iets doen wys'it hoe boos ons is.

Want dan wys ons dat ons glad nie omgee
dat 'n broeder van ons dalk die sonde hoogmoed doen.
'n Sonde wat jou saam met die duiwel
in die hel kan laat verlore gaan.

*Opmerking*
En nou weet ons bv vanuit Joh 10:28-29

24 Vgl Reymond, A new systematic theology of the Christian faith, bl 698-699; Haldane se Rom komm bl 603

dat God nie so iets
met een van sy ware kinders sal laat gebeur nie.

Maar van ons kant af gesien    is'it presies
waarmee ons besig is.

Ja    om iemand wat nuut is in die geloof
as ouderling te verkies wys
dat ons in liefdeloosheid glad nie omgee
dat iemand    deur ons toe doen
die sonde van hoogmoed kan doen
wat jou saam met die duiwel in die hel kan laat verlore gaan.

*Opmerking*
En is'it nie verskriklik
as 'n plaaslike Kerk so laag daal nie!!

oo0oo

*Toepassing*
So    geliefdes    kom ons luister gelowig-gehoorsaam
na ***vers 6*** se merkteken.

En kom ons kies altyd manne    as ouderlinge
wat al waarlik gegroei het in die geloof.

En kom ons leer mekaar waarlik ken
sodat ons kan weet    hierdie    of daardie    broeder van my
is iemand wat al regtig gegroei het in die geloof.
En daarom kan hy 'n ouderling wees.

Want in ***vers 6*** sê Paulus:
'n ouderling *“moet nie ‘n nuweling wees nie ...”*
Want dit kan hom hoogmoedig maak.
En hoogmoed is 'n sonde

wat jou *"in dieselfde oordeel as die duiwel (laat) val."*

So laat ons tog nie handlangers van die duiwel wees
en ons broeders wat nog nuut in die geloof is
in hierdie versoeking lei nie!!

oo0oo

**2.** Maar dit bring ons nou by **die merkteken van *vers 7***.

*Opmerking*
So kom ons gaan nou van ***vers 6*** af na ***vers 7*** toe.

**A.** En dan kyk ons eerste na **die betekenis** van ***vers 7*** se merkteken.
In ***vers 7*** sê Paulus:
*"En hy moet ook goeie getuienis hê van die buitestaanders ..."*

*Verduidelik*[25]
Wat is 'n goeie getuienis?
Wel in ***vers 7*** gaan'it daaroor
dat 'n ouderling nie in die gemeenskap 'n slegte naam moet hê nie.

Hy moet nie goed gedoen het of doen
wat maak dat mense slegte dinge oor hom praat nie.

oo0oo

En wie's hierdie mense? Wel in ***vers 7*** sê Paulus:
*"En hy moet ook goeie getuienis hê **van die buitestaanders** ..."*
Dis'ie mense. Dis'ie *buitestaanders*.

*Verduidelik*[26]
En wie's hulle? Wel dis'ie mense wat buite die Kerk staan.
Dis mense wat nie deel is van'ie Kerk nie. Dis ongelowiges.

---

25 Vgl Baljon bl 484; Knight se 1Tim komm bl 165; Bouma se 1Tim komm bl 69
26 Vgl Baljon bl 334; TDNT vol 2 bl 575-576; Bouma se 1Tim komm bl 69; Knight se 1Tim komm bl 164

En dis hulle wat 'n goeie getuienis
oor 'n ouderling moet kan gee.
Dis hulle wat nie rede moet hê
om allerhande slegte dinge    oor 'n ouderling te sê nie.

*Verduidelik*[27]
Nee    al wanneer die buitestaanders sleg moet kan praat
is wanneer 'n ouderling waarlik kragtig
in'ie wêreld vir Jesus leef en getuig.

Dan ***sal*** die buitestaanders sleg praat.
En dit ***moet*** so wees van elke kind van God.

*Bewys*
Jesus self sê dit in Mat 10:24-25.    Hy sê:
*"'n Leerling (of 'n dissipel*[28]*) is nie bo die meester nie*
*en 'n dienskneg ook nie bo sy heer nie.*

*Dit is vir die leerling genoeg*
*dat hy soos sy meester word*
*en die dienskneg soos sy heer.*

*As hulle die heer van die huis Beëlsebul genoem het,*
*hoeveel te meer sy huisgenote! "*

*Opmerking*
En dis presies wat die buitestaanders met Jesus gedoen het.
Hulle het hom Beëlesbul    Satan    genoem.[29]

En hoekom?
Wel    omdat Hy die Evangelie

---

27 Vgl Macarthur se 1Tim komm bl 119; Ryken se 1Tim komm bl 119
28 Leerling is die vertaling van **μαθητής**. Die Statevertaling vertaal as volg: *"De **discipel** is niet boven den meester ..."*
29 Mat 9:34; 12:24

van die koninkryk van God  verkondig het.
Ja    daarom is daar sleg oor Jesus gepraat.

En nou sê Jesus
dat die buitestaanders dit ook met ons sal doen
wanneer ons Jesus volg
en ook kragtig die Evangelie
van die koninkryk    leef    en getuig.

Die apostel Petrus praat ook hieroor in 1Pet 4:14.   Hy sê:
*"As julle beledig word oor die Naam van Christus,*
*is julle gelukkig ..."*

oo0oo

Maar dan sê die apostel ook    net verder aan in 1Pet 4:15
*"niemand van julle moet ly as moordenaar*
*of dief of kwaaddoener ... nie."*

So    sien u?   In'ie wêreld moet 'n ouderling
of 'n broeder     wat ons wil kies     om 'n ouderling te wees
so leef    dat hy nie 'n slegte naam het    oor verkeerde goed
wat hy gedoen het nie.

Al slegte naam wat hy moet hê
is dat hy aktief vir Jesus volg.

Ja    dis'ie betekenis van ***vers 7*** se merkteken
waar Paulus sê:
*"hy moet ook goeie getuienis hê van die buitestaanders ..."*

oo0oo

**B.** En dis **belangrik**.
En nou's ons by **die belangrikheid** van ***vers 7*** se merkteken.

Ja  dis belangrik
dat 'n ouderling *"ook goeie getuienis moet hê*
*van die buitestaanders ..."*

En dit sien ons
as Paulus net verder aan in ***vers 7*** sê:
'n ouderling *"moet ook goeie getuienis hê van die buitestaanders,*
***sodat*** *hy nie* ***in veragting***
*(of in verwyte  of beledigings  of skinderstories*[30]*) ... val nie."*

*Verduidelik*[31]
En dis belangrik.  Want hierdie stories maak
dat 'n ouderling  en later ook'ie Kerk
nie meer geloofwaardig is in die wêreld nie.

*Bewys*
Daarom dat Paulus ook so baie maal  in sy briewe  hieroor waarsku.
**I** In 1Tim5:14 waarsku Paulus bv.  Hy sê:
*"Ek wil dan hê dat die jong weduwees moet trou,*
*kinders baar, hulle huise regeer*
***en die teëparty geen aanleiding gee***
***om kwaad te spreek nie****."*

**II** En in 1Tem 6:1 sê Paulus:
*"Almal wat diensknegte is onder 'n juk,*
*moet hulle eie here alle eer waardig ag,*
***sodat die Naam van God***
***en die leer nie belaster mag word nie****."*

---

30 εις + akk van ὀνειδισμός in konstruk met ἐμπίπτω is rigting aanduidend (Greek grammer beyond basics bl 369). ***Dus:*** 'hy sou inval in ὀνειδισμός in'. ὀνειδισμός het die betekenis van 'belediging'/ 'verwyt'/ 'aanklagte'/ 'skande' komende vanaf die mense buite die Kerk (TDNT vol 5 bl 241, 594; Ridderbos se 1Tim komm bl 95; Knight se 1Tim komm bl 165).

31 Vgl Bouma se 1Tim komm bl 69; Ridderbos se 1Tim komm bl 94-95; Ryken se 1Tim komm bl 119

**III** En kom ons by Tit 2:3-5 sê Paulus:
*"Die ou vroue moet ook in hulle gedrag wees*
*soos dit die heiliges betaam,*
*geen kwaadspreeksters of aan baie wyn verslaaf nie,*
*maar leraresse van wat goed is,*
*sodat hulle die jong vroue kan leer*
*om versigtig te wees, hulle mans en kinders lief te hê,*
*ingetoë te wees, kuis, huislik, goed,*
*aan hul eie mans onderdanig,*
***sodat die woord van God nie belaster word nie**."*

oo0oo

So ja die merkteken van ***vers 7*** van:
'n ouderling *"moet ook goeie getuienis hê*
*van die buitestaanders ..."*
is baie belangrik.

Want anders "*val ('n ouderling) in veragting"*
en dan verloor hy en die Kerk geloofwaardigheid.

**C.** Maar daarby kom nog
dat ***vers 7*** se merkteken ook baie **dringend** is.
En nou's ons by die **dringendheid** van ***vers 7*** se merkteken.

En van hierdie **dringendheid** hoor ons in'ie laaste deel van ***vers 7***
waar Paulus sê:
'n ouderling *"moet ook goeie getuienis hê van die buitestaanders,*
*sodat hy nie in veragting*
***en in die strik van die duiwel** val nie."*

En nou'sit as ns hoor van hierdie *strik van die duiwel*
of'ie strik of'ie lokval wat die duiwel stel[32]

32 Die vraag is hier: Hoe moet die gen παγιδα του διαβολου verstaan word? => Omdat παγιδα verwant is aan παγιδεύω (TDNT vol 5 bl 593) meen ek dat ek hier moet kies tussen 'n sub-gen en 'n obj-gen (Greek grammer beyond basics bl 113, 116-117). ***Dus:*** ek moet kies tussen: 'die παγιδα deur Satan' of 'die παγιδα waarin Satan gekom het'. Om hierdie keuse te maak, meen ek dat ek meer moet ingaan op die betekenis van παγιδα. By παγιδα gaan dit om 'n 'strik' of 'n

om jou daarmee te vernietig[33]

dat die dringendheid van ***vers 7*** se merkteken

ons moet aangryp.

*Bewys*[34]

En Paulus wil hê dit moet ons aangryp.

Mens sien'it nogal mooi

as jy kyk hoe Paulus ***vers 7*** in Grieks skryf.

As ons ***vers 7*** baie letterlik

vanuit die Grieks in Afrikaans oorsit

dan staan daar:

'n ouderling *"moet ook goeie getuienis hê van die buitestaanders,*

***sodat*** *hy nie in veragting val nie*

***en die strik van die duiwel****."*

Sien u? Paulus sit hierdie ***en die strik van die duiwel***

reg aan die einde van sy sin.

Mens sou verwag ook in die Griekse taal

dat Paulus eerder moet sê:

*"... sodat hy nie in veragting*

*en in die strik van die duiwel val nie."*

---

'wip' in die eerste plek vir voëls of diere. Wanneer παγιδα dan figuurlik gebruik word en toegepas word op mense gaan παγιδα om iets wat jou vernietiging of ondergang veroorsaak – vgl P**s 9:16; 31:5; 64:6; 119:110; 140:6; 141:9; Jer 5:26; 18:22** (TDNT vol 5 bl 593). Wanneer ek nou in ag neem dat ο διάβολος Satan 'die lasteraar' is, die een wat die evangelie voortgang wil vergoed (**1Tes 2:18**), die een wat skelm is, lieg en verlei (**2Kor 11:14; Efes 6:11**), die een wat ons versoek om ons so te laat sonde doen en ons rug te draai op Jesus (**1Kor 7:5; 1Tes 3:5**), die een weat daarop uit is om mense dood te maak (**Joh 8:44**) (NIDNTT vol 3 bl 468, 471), dan lyk dit vir my asof ek hier te doen het met 'n subj-gen. ***Dus:*** 'die vernietiging of ondergang wat Satan veroorsaak' (vgl ook TDNT vol 5 bl 594). Bg verstaan word versterk deur **2Tim 2:26** wat sê: *"... en hulle weer nugter kan word, vry van die strik (παγίς) van die duiwel ( του διαβολου), nadat hulle deur hom gevang was om sy wil te doen."* Hier leer ek Satan ken as die een wat παγίς stel juis om jou in sy mag te kry (NIDNTT vol 3 bl 471; Knight se 1Tim komm bl 166).

33 Sien voetnoot 32

34 Die voegwoord και en die akk παγιδα wys my dat παγιδα του διαβολου nog deel is van die voorsetsel-frase εις ονειδισμον (vgl Knight se 1Tim komm bl 165). Tog skei Paulus ονειδισμον en παγιδα του διαβολου van mekaar met εμπεση. Waarom? Ek meen dat Paulus ονειδισμον op die manier beklemtoon word. Dit kan egter ook wees dat hy die klem juis op παγιδα του διαβολου plaas omdat hy hierdie frase verskuif na die einde van die sin (Binnwerk bl 116). ***Gevolgtrek:*** Hoe dit ook al sy: Die skeiding van ονειδισμον en παγιδα του διαβολου deur εμπεση wys my dat die klem hier val op ονειδισμον ... και παγιδα του διαβολου. Ek meen egter, juis omdat του διαβολου aan die einde van **vers 6** en **vers 7** herhaal word dat die klem veral op του διαβολου val (Binnewerk bl 115).

Maar nou doen Paulus dit nie.

Nee hy haal daai *en die strik van die duiwel*
uit sy normale plek
en plak dit hier aan die einde van die sin vas.

En in die Griekse taal is dit 'n manier
om die klem op iets te sit.
Jy sit dit so aan die einde van die sin.

So Paulus wil regtig hê ons moet dit raaksien.
Hierdie ***strik van die duiwel***.
Dis die dringende saak in ***vers 7***.
Die duiwel stel strikke!!

oo0oo

Ja die duiwel Satan die ou Slang.
Die mense moordenaar
soos Jesus hom in Joh 8:44 noem stel strikke.

Hy is daarop uit om ons te vernietig.
Sy versier is op elke kind van God
en veral op ouderlinge!!

Ja Satan stel strikke. Hy is in 'n oorlog teen ons.

*Verduidelik*[35]
En vanuit die konteks van ***vers 7*** leer ons
dat Satan hierdie strikke stel
met 'n slegte getuienis oor 'n ouderling.

Ja Satan gryp'it aan. Die geringste ou storietjie.
En dan blaas hy dit op. En hy kan'it goed doen.

35 Vgl Ridderbos se 1Tim komm bl 95; Macarthur se 1Tim komm bl 119; Knight se 1Tim komm bl 229; Ryken se 1Tim komm bl 120.

Want hy's die vader van die leuen    sê Jesus in Joh 8:44.

En dan?    Wel dan maak hy ouderlinge
en ook die kerk    ongeloofwaardig.

Ja    so is Satan aan die werk.

Hy is die *"teëstander"*
soos 1Pet 5:8 Satan noem
wat in    en deur die *"teëparty"*
soos 1Tim 5:14 die buitestaanders noem
werk    om so 'n kwaadsprekery te begin
*"sodat die woord van God belaster kan word nie."*

oo0oo

*Toepassing*
Daarom   geliefdes    is die merkteken van ***vers 7***
van 'n ouderling *"moet ook goeie getuienis hê
van die buitestaanders ..."*    baie baie dringend.

Want Satan gebruik slegte getuienis
om strikke te stel.    En hy's goed daarmee.    Hy is listig.
Hy's gevaarlik.

Hy soek ons vernietiging.
Hy soek ouderlinge se vernietiging.

*Bewys*
Openb 12:17 sê
dat *"die draak (Satan) vertoornd is op die vrou (die Kerk),
en hy het weggegaan
om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge
wat die gebooie van God bewaar
en die getuienis van Jesus Christus hou."*

Daarom dat Paulus vir die Kerk in Efese
waar Timoteus
met wie Paulus hier in ***1Tim 3:7*** praat
die predikant was     in Efes 6:12-13 gesê het:
*"ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie,*
*maar teen die owerhede, teen die magte,*
*teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu,*
*teen die bose geeste in die lug.*

*Daarom, neem die volle wapenrusting van God op,*
*sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil*
*en ... staande kan bly."*

En in Efes 6:18 sê Paulus
dat ons *"met alle gebed en smeking*
*by elke geleentheid (moet) bid in die Gees,*
*en juis daartoe waak*
*met alle volharding en smeking* ***vir al die heiliges****."*
Ook vir die ouderlinge
dat hulle goeie getuienis van die buitestaanders sal hê.
Ja   dat hulle werklik onberispelik sal wees.

oo0oo

**Slot**

Geliefdes    kom ons sluit af.
Ons kon nou die afgelope weke meer leer
oor die ouderling-amp.

En dis so belangrik.

*Bewys*
Daarom begin Paulus ***1Tim 3:1-7***
waar hy met ons praat oor'ie ouderling-amp   met:
*"Dit is 'n betroubare woord ..."*

Ja die ouderling-amp is belangrik.
Net so belangrik soos Jesus se verlossingswerk
en die wedergeboorte en heiligmaking en dissipelskap.

*Opmerking*
Alles dinge wat Paulus in 1&2 Tim en Tit
betroubare woorde noem.

En juis daarom moet 'n ouderling of iemand
wat ons wil kies om 'n ouderling te wees onberispelik wees.
Sê Paulus in ***vers 2***.

En daarom gee Paulus in ***vers 2-7*** ook merktekens
waaraan ons onberispelike ouderlinge moet kan uitken.

Vandag kon ons meer oor die laaste twee leer
hier in ***vers 6-7***.

oo0oo

En nou? Wel kom ons neem dit alles ernstig op.
Kom ons onthou dit.

Kom ons doen en leef'it
as ons weer ouderlinge moet kies.

Kom ons begin oor hierdie dinge met mekaar praat.
Ja kom ons begin'it leef.

Want dis so belangrik.
Want ***1Tim 3:1-7*** is God se Woord.
En daarby is'it Christus se wil vir sy Kerk.

## Antwoorddiens

### Amen

***Psalm as antwoord op die Woord* –** Ps 74: 15, 16

***Gebed***

***Barmhartigheidsdiens***

| | | |
|---|---|---|
| Psalm tydens kollekte | : | Ps 112: 4, 5, 6, 9 |
| Slotpsalm | : | Ps 124: 3, 4 |

**Wegstuurseën.**

Ontvang nou die seën van die HERE en gaan in vrede.

**“Die genade van die Here Jesus Christus**

**en die liefde van God**

**en die gemeenskap van die Heilige Gees**

**sy met julle almal!**

**Amen.**